| | |
|---|---|
| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier. | **TOTALE PUNTE** |

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

# BESIGHEIDSTUDIES

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur | 300 punte

**LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES ASSEBLIEF NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Alle vrae is **VERPLIGTEND**.
3. Lees die vrae noukeurig deur.
4. Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die ruimte wat voorsien is, te skryf.
5. Demonstreer insig, waar van toepassing, wanneer die vrae beantwoord word. **Dit sal die beste wees om na die klere kleinhandel besighede te verwys wat jy vanjaar bestudeer het.**
6. Jy word aangeraai om besondere aandag aan taal en die **puntetoekenning** te gee.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
8. Twee gelinieerde bladsye (bladsy 29 en 30) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy nie meer plek vir 'n vraag het nie, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord aan indien jy hierdie ekstra ruimte gebruik.

**Puntetoekenning**

| V 1 | V 2 | V 3 | V 4 | V 5 | V 6 | V 7 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | 7A (LOD) | | |
| | | | | | 7B (HOD) | | |

*N12BUSS-1-A*

IEB Copyright © 2025

## AFDELING A

## VRAAG 1

Dui die **mees korrekte** antwoord aan deur die letter van die alternatief wat jy gekies het in die ruimte te skryf wat onderaan elke bladsy voorsien is.

1.1 Watter element van SWOT is 'n voordeel in die eksterne omgewing?

A Sterk punt
B Swak punt
C Geleentheid
D Bedreiging (2)

1.2 Die probleemoplossingstegniek wat insette van deskundiges verlang.

A Beslissingsboom
B Kragveldontleding
C *SCAMPER*
D Delphi-tegniek (2)

1.3 Woolworths het vyf nuwe elektriese afleweringswaens gekoop. Elke vervoerwa kos R900 000. Woolworths het besluit om elke elektriese afleweringswa vir R1 000 000 te verseker. Een van die voertuie was in 'n ongeluk en die herstelkoste het R100 000 beloop. Watter van die volgende stellings is **WAAR**?

i Die voertuie is onderverseker.
ii Slegs R90 000 van die skade kan geëis word.
iii Die volle waarde van die skade kan geëis word.
iv Woolworths het te veel vir die versekering betaal.

A Slegs i en ii
B Slegs ii en iii
C Slegs iii en iv
D Slegs i, ii en iv (3)

| 1.1 | 1.2 | 1.3 |
|---|---|---|
| | | |

IEB Copyright © 2025

1.4 'n Ontwerper vir 'n klerehandelsmerk wat hoë pryse vir goedere vra om te toon dat die goedere eksklusief en van goeie gehalte is, gebruik die … -strategie.

A penetrasieprysbepaling
B prestigeprysbepaling
C bevorderende prysbepaling
D produkprysbepaling (2)

1.5 Watter een van die volgende is **NIE** 'n defensiewe/afnamestrategie nie?

A Wanneer 'n besigheid al sy bates verkoop en al sy skulde delg.
B Wanneer 'n besigheid dele daarvan wat nie winsgewend is nie, verkoop.
C Wanneer 'n besigheid op 'n kleiner deel van die mark fokus.
D Wanneer 'n besigheid sy werksaamhede oorsee uitbrei. (2)

1.6 Die ontleding van Porter se kragte is belangrik vir besigheid in die hoogs mededingende modekleinhandelsmark. Watter van die volgende sal die mark aantrekliker maak?

A Aanlyn inkopies het dit maklik vir nuwe mededingers gemaak om tot die mark toe te tree.
B Daar is meer toegang tot leweransiers van gehalte wat mededingende pryse bied.
C Kopers is nie baie lojaal aan 'n handelsnaam nie en hou daarvan om by verskillende kleinhandelaars te koop.
D Daar is baie mededingers wat dieselfde produkte verkoop. (3)

1.7 'n Afgetrede persoon, 68 jaar oud, het sopas 'n enkelbedraguitbetaling van sy/haar aftreeannuïteit ontvang en wil graag die geld belê. Hierdie persoon wil 'n maandelikse inkomste en maklike toegang tot die kapitaal hê.

Watter beleggingstrategie is raadsaam?

A 'n Groeistrategie met 'n fokus op aandele.
B 'n Gebalanseerde beleggingstrategie met 'n fokus op skuldbriewe.
C 'n Defensiewe strategie met 'n fokus op eiendom.
D 'n Konserwatiewe strategie met 'n fokus op kontantbeleggings. (3)

1.8 Hoekom sal 'n besigheid op die FTSE/JSE die aandag van 'n moontlike belegger trek?

A Die indeks is net vir prima maatskappye.
B Die indeks wys hoeveel dividende verdien word.
C Die indeks toon 'n verbintenis tot volhoubaarheid.
D Die indeks toon die prys van aandele. (2)

| 1.4 | 1.5 | 1.6 | 1.7 | 1.8 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

1.9 'n Moontlike belegger vergelyk die opbrengs op belegging van verskillende beleggingsopsies. Watter van die volgende stellings is **VALS**?

i. Slegs die werklike inkomste wat ontvang word, word vergelyk.
ii. Die kapitaal wat belê is, word met ander beleggings vergelyk.
iii. Die persentasie van inkomste word met kapitaal wat belê is, vergelyk.
iv. Kapitaalgroei en maandelikse inkomste word by die berekening ingesluit.

A Slegs i en ii
B Slegs ii en iii
C Slegs iii en iv
D Al die stellings is vals. (3)

1.10 Versekering is duur en dikwels nie genoeg om die behoeftes van die versekerde te onderhou nie, maar wat is 'n voordeel van versekering?

A Dit word as sekuriteit vir lenings gebruik.
B Dit gee gemoedsrus dat geliefdes versorg is in geval van sterfte.
C Dit gee finansiële verligting tydens aftrede.
D Al bogenoemde. (2)

1.11 Verwys na die betaalstrokie van 'n werknemer hieronder. Wat is die netto salaris van die werknemer?

| **Inkomste** | | | **Aftrekkings** | |
|---|---|---|---|---|
| Basiese inkomste | R 5 400,00 | | WVF | R 58,60 |
| Oortyd | R 460,00 | | Pensioenfonds | R 400,00 |
| | **R 5 860,00** | | LBS | R 1 041,40 |
| **Maatskappybydraes** | | | | **R 1 500,00** |
| Vaardigheidsontwikkelingsheffing | R 58,60 | | | |
| WVF | R 58,60 | | | |
| Pensioenfonds | R 400,00 | | | |
| | **R 517,20** | | | |
| | | | | |

A R4 360,00
B R3 842,80
C R2 017,20
D R5 860,00 (3)

| 1.9 | 1.10 | 1.11 |
|---|---|---|
| | | |

IEB Copyright © 2025

1.12 Watter een van die volgende is **NIE** 'n vereiste vir 'n wesenlik billike ontslag nie?

A Die werknemers moes 'n reël oortree het.
B Die reël is konsekwent deur die werkgewer toegepas.
C Die werknemers was bewus van die reël.
D Die wangedrag was 'n onwettige handeling. (2)

1.13 Die bestuurder van 'n Mr Price klerewinkel het 'n standaardtydsduur vir die tou by die kasregister en vergelyk dit met die werklike tyd wat 'n klant in die ry wag ten einde maniere te vind om die proses te bespoedig. Die bestuurder gebruik die … -bestuurstaak.

A beplanning
B leiding
C beheer
D organisering (2)

1.14 'n Gebalanseerde Telkaart kan 'n klerekleinhandelaar help om sy/haar prestasie te verbeter deur …

A die verwagtings van tieners wat hul klere koop, te ontleed.
B seker te maak daar word by begrotings gehou.
C die voorraadstelsels se sagteware by te werk.
D Al die bogenoemde. (3)

1.15 Die voordeel van interne werwing is:

A Dit gee werknemers 'n aansporing om harder te werk om te kwalifiseer.
B Nuwe vaardighede word by die besigheid gevoeg.
C Dit verminder konflik onder werknemers wat die pos wil hê.
D Die nuwe werknemer ken nie die prosesse en prosedures nie. (2)

1.16 Watter een van die volgende is 'n verantwoordelikheid van direkteure volgens die King Kode?

A Om ten alle tye in die beste belang van die besigheid op te tree.
B Om enige botsing van belange te verklaar.
C Om eties op te tree.
D Al bogenoemde. (2)

1.17 Die grondwet is die hoogste wet in die land. Watter een van die volgende beskryf die beperkingsklousule?

A Daar word teen geen werknemer gediskrimineer nie.
B Dit is beperk tot besighede wat op die JSE genoteer is.
C Dit maak voorsiening vir beleide soos regstellende aksie.
D Dit beperk die aantal aandeelhouers in 'n besigheid. (2)

| 1.12 | 1.13 | 1.14 | 1.15 | 1.16 | 1.17 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

**[40]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 2

Kies die korrekte woord/term tussen hakies wat die stelling **WAAR** maak. **Onderstreep** die korrekte woord/term.

2.1 (**Horisontale/Terugwaartse**) integrasie sluit in om mededingers se besighede te koop.

2.2 Die (**WAV/WOH (*SDL*)**) stel besighede in staat om opleidingskoste van die SETA terug te eis.

2.3 (**Tantième/Premies**) word aan 'n versekeringsmaatskappy betaal om risiko oor te dra.

2.4 'n (**Effektetrust/Skuldbrief**) is 'n vorm van geleende kapitaal vir 'n besigheid.

2.5 'n (**Bybetalings-/Vrywarings-**) klousule sê dat 'n deel van die eis nie deur die versekeraar gedek sal word nie.

2.6 (**Binnehandel/Fluitjieblaas**) is wanneer 'n werknemer onetiese gedrag in die besigheid onthul.

2.7 Mededingende (**prysbepaling/bemarking**) is 'n etiese sakestrategie in Suid-Afrika.

2.8 'n (**Solvensie-/vuurproef-**) verhouding sluit voorraad by die berekening uit.

2.9 Suid-Afrikaanse maatskappye noteer hul aandele op die (**JSE/NYSE**).

2.10 Die (**gevolge-/beginsel-**) gebaseerde teorie word gebruik wanneer die uitkoms van optrede eties is.

2.11 Die (**risiko/opbrengs**) van 'n belegging toon die waarskynlikheid om die kapitaal wat belê is, te verloor.

2.12 (**Sinergie/Sintese**) in spanne lewer beter resultate as wat verwag word.

2.13 (**NEDLAC/COFESA**) is 'n organisasie wat werkgewers verteenwoordig.

2.14 'n Produk wat soortgelyk is en in dieselfde behoefte van die klant voorsien, word beskryf as 'n (**aanvullende/plaasvervanger-**) produk.

2.15 Die (**proeftyd-/behoud-**) beleid stel die werkgewer in staat om 'n nuwe werknemer vir 'n tydperk van drie maande waar te neem voordat 'n permanente dienskontrak onderteken word.

**[30]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 3

Lees die scenario's hieronder en identifiseer watter element van die PESTLE-werktuig met elke scenario ooreenstem.

Skryf slegs die PESTLE-element in die ruimte wat voorsien is.

| **Bv.** | **Selfoonbanktoepassings sorg dat besighede hul kasregisters opgradeer.** | **Tegnologies** |
|---|---|---|
| 3.1 | Die nasionale verkiesing wat in 2024 in Suid-Afrika gehou is. | |
| 3.2 | Veranderings aan die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. | |
| 3.3 | Oorstromings in KwaZulu-Natal wat paaie beskadig. | |
| 3.4 | Aanlyn inkopieplatforms wat oorsese inkopies makliker maak. | |
| 3.5 | Druk word op besighede geplaas om deursigtig oor hul voorsieningsketting te wees. | |
| 3.6 | Brandstofpryse en inflasie het die prys van goedere verhoog. | |
| 3.7 | Baie huishoudings het nie finansieel herstel nadat hulle familielede weens Covid-19 verloor het nie. | |
| 3.8 | Toenemende werkloosheid verhoog die risiko van diefstal en ander misdaad. | |
| 3.9 | Leiers van godsdiens- en kultuurgroepe wat klerekleinhandelaars versoek om in hul behoeftes te voorsien. | |
| 3.10 | Klantinligting wat aanlyn gehou word, word maklik binnegedring. | |
| 3.11 | Klante is meer bewus van kinderarbeid in fabrieke in die voorsieningsketting vanweë internetplatforms. | |
| 3.12 | Klimaatsveranderings en buiteseisoenweerpatrone maak voorraadbeplanning in klere moeilik. | |
| 3.13 | Nuwe handelsooreenkomste wat deur die regering onderteken word, open nuwe voorsieningskettings. | |
| 3.14 | Verhoging van rentekoerse maak kontantbeleggings aanlokliker. | |
| 3.15 | Maatskappye kan voor boetes en strawwe te staan kom indien hulle die Wet op Verbruikersbeskerming oortree. | |

**[30]**

**100 punte**

IEB Copyright © 2025

## AFDELING B

Gebruik die puntetoekenning as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoorde.

## VRAAG 4

Lees die volgende gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

> Daar bestaan geen twyfel nie: ons volg 'n nul-toleransiebenadering tot onetiese gedrag. Nie net omdat dit die regte ding is om te doen nie, maar omdat dit die regte manier is om besigheid te doen. Dit is die enigste manier om besigheid te doen.

[Aangepas uit: <chromeextension://efaidnbmnnnibpcajpcglclefindmkaj/ https://cottonongroup.com.au/wp-content/uploads/2021/12/THE-GOOD-REPORT-2021.pdf> 22.12.2021]

4.1 Gebruik 'n kaart van voor- en nadele om belanghebbendes te oortuig dat verbintenisse tot korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid 'n besigheid kan help om "die regte ding te doen".

(6)

4.2 Lys **TWEE** voorbeelde van KMV-programme.

- ______________________________
- ______________________________

(2)

IEB Copyright © 2025

4.3 Onetiese gedrag deur werknemers kan die wins van 'n besigheid beïnvloed. Daarom moet besighede verskillende strategieë gevestig hê om verliese te vermy. Verwys na die vloeidiagram hieronder en beantwoord die verwante vrae.

| | |
|---|---|
| 4.3.1 Identifiseer en verduidelik 'n onetiese daad.<br>(3) | 4.3.3 Identifiseer en verduidelik 'n onetiese daad.<br>(3) |
| ⬇ | ⬇ |
| 4.3.2 Hoe moet Cotton:On reageer op die uitdaging wat geïdentifiseer is om die uitwerking op die algehele prestasie van die besigheid te minimaliseer?<br>(4) | 4.3.4 Hoe moet Cotton:On reageer op die uitdaging wat geïdentifiseer is om die uitwerking op winste te minimaliseer?<br>(4) |

4.4 Omskryf die term **diversifikasie** met betrekking tot beleggings.

(2)

4.5 Stel strategieë voor om die inkomste van die volgende beleggings te maksimaliseer.

**Eiendom**

**Aandele**

**Versamelstukke**

(12)

IEB Copyright © 2025

4.6 Bespreek die voordele van die volgende verpligte versekering vir **BEIDE** die werkgewer en die werknemer.

| | |
|---|---|
| **COIDA** | (4) |
| **WVF** | (4) |

4.7 Lys enige **TWEE** vereistes vir 'n geldige versekeringskontrak.

- 
- 

(2)

4.8 Onderskei tussen 'n versekerbare en 'n onversekerbare risiko.

(4)
**[50]**

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 5

**WHL** **WOOLWORTHS HOLDINGS LIMITED**

Ons waardes inspireer en ondersteun die manier waarop ons sake in ons hele Groep doen. Van waardegebaseerde leierskap tot geesdriftige handelsnaamvoorspraak streef ons om ons waardes in alle dimensies van ons besigheid vas te lê.

Ons waardes verklaar dat ons klantbehep, inspirerend, verantwoordelik, samewerkend en toegewyd aan gehalte is.

[Aangepas uit: <https://www.woolworthsholdings.co.za/overview/our-purpose-vision-and-values/.22/12/.2023>]

5.1 Woolworths is geesdriftig oor sy handelsmerk. Omskryf die term **handelsmerkgewing**.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(2)

5.2 Verduidelik met behulp van voorbeelde hoe Woolworths handelsnaamverbreding en handelsnaamuitbreiding kan gebruik om sy markaandeel te verhoog.

| **Handelsnaamverbreding** | **Handelsnaamuitbreiding** |
|---|---|
| | |

(8)

5.3 **Gehalte is 'n belangrike deel van die Woolworths handelsnaam.**
Verduidelik hoe die volgende bestuurstake gebruik kan word om die gehalte van goedere en dienste wat gebied word, te verbeter.

| | |
|---|---|
| **Kommunikasie** | |
| **Beheer** | |
| **Delegering** | |

(9)

5.4 "**Bestuurders moet bewus wees van faktore wat oorsese verskaffers affekteer."**

5.4.1 Noem die tipe bestuursbevoegdheid wat hierbo beskryf is.

(1)

5.4.2 Verduidelik die moontlike uitwerking op Woolworths se werksaamhede indien bestuurders nie die bevoegdheid het wat in Vraag 5.4.1 hierbo genoem is nie.

(4)

IEB Copyright © 2025

5.5 Voltooi die skematiese diagram oor bestuurstyle hieronder:

**Outokratiese leier**

| | |
|---|---|
| 5.5.1 Beskryf 'n situasie waar hierdie styl gepas sou wees. (3) | 5.5.2 Beskryf 'n situasie waar hierdie styl **NIE** gepas sou wees nie. (3) |

5.5.3 Bespreek 'n alternatiewe bestuurstyl om 'n positiewe uitkoms in Vraag 5.5.2 hierbo te verseker. (4)

IEB Copyright © 2025

5.5.4 Verduidelik hoekom dit belangrik vir entrepreneurs is om doeltreffende leiers te wees.

(2)

5.6 Verskaf voorbeelde van hoe Woolworths sy handelsnaambeeld deur middel van die volgende kan verhoog:

5.6.1 **Deursigtigheid**

(4)

5.6.2 **Toerekenbaarheid**

(4)

IEB Copyright © 2025

5.7 Bespreek **DRIE** voordele vir 'n genoteerde maatskappy om aan die King Kode te voldoen.

(6)
**[50]**

## VRAAG 6

UNIQ
clothing by Checkers

Die Shoprite Groep brei sy reikwydte in die kleresektor uit met sy nuwe klerehandelsmerk, UNIQ.

[Aangepas uit: <https://www.citizen.co.za/business/shoprite-enters-clothing-market-its-not-prices-you-would-expect/22.12.2023>]

6.1 Verduidelik met behulp van verskillende voorbeelde hoe die bekendstelling van die nuwe klerehandelsnaam aan Checkers die volgende tipes konflik kan veroorsaak.

**Disfunksionele konflik**

**Funksionele konflik**

(6)

IEB Copyright © 2025

6.2 Verduidelik die moontlike maniere waarop die KVBA konflik kan oplos.

(6)

6.3 Vakbonde word dikwels betrek om konflik op te los. Bespreek die implikasies **(positief/negatief)** van hul betrokkenheid vir die werkgewer en werknemer.

(6)

6.4 Noem **DRIE** moontlike redes vir 'n staking.

- 
- 
- 

(3)

6.5 Dink jy stakings is 'n doeltreffende werktuig om arbeidsdispute te besleg? Motiveer jou antwoord.

IEB Copyright © 2025 

(5)

6.6 Beskryf die vereistes van 'n tugverhoor.

(4)

6.7 Brei uit oor watter bykomende stappe 'n besigheid moet doen om die volgende tipes ontslag billik te maak.

| | |
|---|---|
| **Ontslag weens onbevoegdheid** | |
| **Uitdiensstelling** | |

(4)

6.8 Gemotiveerde werknemers is produktiewe werknemers. Evalueer die doeltreffendheid van monetêre motivering op lang **en** kort termyn.

(6)

6.9 Bespreek hoe die implementering van die verskillende stappe van die keuringsproses gebruik kan word om die produktiwiteit van die besigheid te verbeter.

(10)
**[50]**

**150 punte**

IEB Copyright © 2025 

## AFDELING C

Die volgende aspekte sal oorweeg word wanneer punte in hierdie vraag toegeken word:

- Formaat:
  - Die KORREKTE formaat moet gebruik word, d.i. sakeverslag.
  - Waar van toepassing, sluit 'n inleiding en gevolgtrekking in.
- Gebruik opskrifte en onderopskrifte waar nodig.
- Terminologie: korrekte saketerminologie moet gebruik word.
- Inhoud: moet voldoende wees om alle aspekte van die vraag te dek.
- Stawing: motiveer alle stellings wat gemaak word.
- Toepassing op gevallestudie/konteks/tema.
- Kreatiewe probleemoplossing eerder as om bloot net teoretiese feite te gee.
- Sintese en opeenvolging.

## VRAAG 7


Bestudeer die volgende bronne en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON A**



[Bron: <https://startupmag.co.za/2023/06/introducing-money-magazine-a-new-south-african-financial-literacy-platform/ 22.12.2022>]

**BRON B**




[Bron: <https://efficiencyforall.org/wordpress/2018/12/18/efficiency-is-efficient/ 22.12.2023>]

**BRON C**

Volgens die Consumer Outlook verslag vir 2023, sê 41% Suid-Afrikaners hulle finansiële posisie is slegter as 'n jaar vantevore.
Om dit tot die einde van die maand te maak met genoeg geld vir noodsaaklikhede soos kos en behuising, verander verbruikers die manier waarop hulle geld spandeer – najaag van bevordering, trek voordeel uit afslag en besnoei diskresionêre besteding.
Sommige van die items wat uit maandelikse begrotings gesny word, is dinge soos uiteet (23%), vermaak buite die huis (32%) en klere (36%).

[Aangepas uit: <https://businesstech.co.za/news/finance/663517/big-shift-for-consumer-spending-in-south-africa-as-stressed-out-shoppers-hunt-for-spare-cash/22.12.2023>]

Suid-Afrikaanse verbruikers is versigtiger met besteding in moeilike ekonomiese tye. Besighede moet hul werksaamhede so doeltreffend as moontlik bestuur.

Skryf 'n sakeverslag vir 'n klerekleinhandelaar waarin jy bespreek hoe die kleinhandelaar prestasiebestuurswerktuie kan gebruik om risiko's in die verskillende sakefunksies te identifiseer.

IEB Copyright © 2025

IEB Copyright © 2025

**50 punte**

**Totaal: 300 punte**

IEB Copyright © 2025

## BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2025

IEB Copyright © 2025